**21 Junie**

**Minder bekommernis ... meer geloof**

**Skrifgedeelte: Matteus 13:1-23**
**Fokusgedeelte: Matteus 13:22**

Jesus Christus maak in die gelykenis van die saaier een van die geheime van God se koninkryk aan ons bekend. Die geheim is: Die Woord van God word soos saad gesaai en dra geloofsvrugte in ons.

Daar gebeur verskillende dinge met God se Woord. Een van die dinge wat gebeur, is dat die Woord verstik word deur die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom. Die bekommernis van die lewe is ook maar bekommernis oor behoeftes soos werksgeleentheid, huisvesting, kos en klere (Matt 6:25) en al die ander dinge wat ons beursies elke maand dreineer. Bekommernis oor jou behoeftes vir hierdie aardse lewe en die verleidelikheid van baie besittings kan soveel plek in jou hart en gedagte inneem dat daar weinig plek vir God se Woord is. Jy hoor die Woord, maar dra geen geloofsvrugte nie.

In die plek van geloofsvrugte groei daar vrugte van bekommernis. Jy word moeg van al die kommer. Jy eet nie reg en slaap nie genoeg nie. En ... voor jy jou oë uitvee, sak jy in die donker draaikolk van depressie weg. Bybellees en bid word moeilike verpligtinge en kerk toe gaan ’n marteling.

Maar ... die saad in God se ryk word gedurig gesaai. Die werklike saadkorrel – Jesus Christus – val weer in jou bekommerde hart! Hy het vir jou gesterf en opgestaan. Jou lewe is meer as aardse besittings. Christus is die lewe (1 Joh 1:1), jou lewe!

Omhels opnuut deur die Heilige Gees Jesus Christus met al sy verdienstes (NGB art. 22). Maak deur die Gees die vrugte van bekommernis minder en die vrugte van geloof meer.

*Sing: Psalm 119:11, 25 (1936)*

*Ds. Johan Nel (Akasia)*